OM TE BESPREEK

Kontak die Museum se Opvoedkundiges:

Tel: 051 447 9609
Faks: 051 447 6273
E-pos: ancilia@nasmus.co.za
Straatadres: Aliwal Street 36, Bloemfontein 9301
Posadres: Posbus 266, Bloemfontein 9300
Webblad: www.nasmus.co.za

Spesiale toegangsfooi vir groepe van 10 of meer:

Leerders Gr R – 12: R2,00 elk
Volwassenes (insluitend tersiêre studente): R5,00 elk

NATIONAL MUSEUM
NASIONALE MUSEUM • MUSIAMO WA SETJHABA
BLOEMFONTEIN

an agency of the
Department of Sport, Arts and Culture

BESOEK ONS by die

NASIONALE MUSEUM Bloemfontein

in 2022

vir opwindende opvoedkundige aktiwiteite

OM DIE MEESTE UIT 'N MUSEUMBESOEK TE KRY - hou asb. die volgende in gedagte:

- Bespreek vooruit. Wees betyds.
- Onthou asseblief om u Verwysingsnommer saam te bring.
- Sou u laat arriveer, kan dit tot die kansellasie van u bespreking lei, aangesien dit die volgende groep kan verontrief.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die dissipline van hul klasse en daar word verwag dat hul die leerders te alle tye gedurende 'n Museumbesoek sal vergesel en beheer.
- Onderwysers moet toesien dat leerders in die Museum hulself gedra: geen rondhardlopery, skreeu of speletjies word binne-in die Museum toegelaat nie – leerders moet nie iets doen wat die ervaring van ander besoekers bederf of hulself in gevaar stel nie.
- Om op diere te klim of aan enige uitstalvoorwerpe te vat, word nie toegelaat nie.

BEGELEIDE TOERE DEUR DIE MUSEUM

'n Toer duur ongeveer 1½ uur en moet asb. vooraf bespreek word!
'n Spesiale program is beskikbaar vir die pre-primêre skole en Grondslag Fase-leerders (Gr 1 – 3). Kontak die Opvoedkundiges, Tel. 051 447 9609

LESSE WORD AAN INTERMEDIÊRE EN SENIOR FASES AANGEBIED.

- **Lesse moet vooraf bespreek word (geen ekstra fooi – slegs jou Museum-toegangsfooi).**
- **Elke les duur omtrent 1 uur.**
- **Meeste van ons lesse kan aangepas word vir verskillende grade.**
- **Voel asseblief vry om vir 'n spesifieke les te vra, al word dit nie op die program aangedui nie.**

Die volgende lesse word enige tyd deur die jaar op aanvraag aangebied:

SOSIALE WETENSKAPPE

Aardrykskunde

- Geomorfologie (Gr 10)
- Volhoubare Ontwikkeling (Gr 11)
- Water in SA (Gr 4)

Geskiedenis

- Ou Bloemfontein (Gr 4)
- Antieke Egipte (Gr 5)
- Die San (Gr 5)
- Mapungubwe – 'n Afrika-koninkryk (Gr 6)
- Koninkryk van Mali & Timboektoe (Gr 7)
- Nelson Mandela (Gr 4 – 7)
- Multikulturalisme (Gr 6 – 9)

LEWENSWETENSKAPPE

- Fossiele (Gr 10 – 12)
- Evolusie deur natuurlike seleksie (Gr 10 – 12)
- Menslike evolusie (Gr 10 – 12)

NATUURWETENSKAPPE

- Die Sonnestelsel (Gr 4 en 6 – 7)
- Energie & Elektrisiteit vir Juniors (Gr 4 – 6)
- Natuurrampe (Gr 4 – 9)
- Diere - habitatte & skuilings (Gr 4)
- Die Sonnestelsel (Gr 8 en 9)
- Energie & Elekstrisiteit vir Seniors (Gr 7 – 9)
- Lewensiklusse (plante & diere) (Gr 4 – 6)
- Die Periodieke Tabel van Elemente (Gr 8 – 9)

Nooi ons asseblief om u skool te besoek vir uitreiklesse!

Ons besoek graag skole binne 'n radius van ongeveer 100 km vanaf Bloemfontein/Mangaung om van ons lesse gratis aan te bied.

GRATIS AANBIEDINGS!

MOBIELE MUSEUM

(Rondreisende) Museum!

Dit is 'n paneelwa wat oor materiaal/artefakte van die verskillende afdelings by die Nasionale Museum beskik. Om te reël dat dit u skool besoek, kontak die opvoedkundiges, **Tel. 051 447 9609.**

(Let wel: Die Mobiele Museum is nie op Vrydae beskikbaar nie.)